# St. Bernard van Clairvaux
## 20 Augustus

(1090-1153)



Hierdie monnik, mistikus, Kerkleraar en stigter en eerste ab van Clairvaux was een van die invloedrykste mense van sy tyd. Op skitterende wyse het sy lewe oor die regte balans van werk en besinning, aksie en kontemplasie beskik. Hy word beskou as een van die groot hervormers van die Kerk en die man wat die Tweede Kruistog aan die gang gekry het. Hy was die raadgewer van pouse en konings en deur sy voorbeeld en inspirasie het die kloosterlewe ’n ongekende bloeitydperk beleef. Sy mistieke werke sou eeuelank ’n beslissende invloed op die ontwikkeling van die spiritualiteit in die Westerse Kerk uitoefen.

© Die Oratorium Uitgewery